Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

## NOVEMBER 2014

# VISUELE KUNSTE V1 MEMORANDUM

**PUNTE: 100**

Hierdie memorandum bestaan of 17 bladsye.

**RIGLYNE:**

Dit word verwag van die KANDIDAAT om die volgende te demonstreer:

- Enige VYF vrae te beantwoord vir ŉ totaal van 100 punte.
- Vrae en onderafdelings duidelik en korrek te **nommer**.
- Inligting reeds bespreek in een vraag, **nie te herhaal** in ander antwoorde nie. Indien herhaal, word punte slegs die eerste maal toegeken. Kruisverwysings na kunswerke is toelaatbaar
- Dat antwoorde in **volsinne en paragrawe sal wees,** volgens die instruksies vir elke vraag. PUNTE-TABELLE SAL MINIMALE PUNTE VERWERF.
- Die gebruik van korrekte **kunsterminologie**.
- Die gebruik en implementering van **visuele analise** en **kritiese denke**.
- **Skryf- en navorsingsvaardighede** binne ŉ **historiese en kulturele konteks**.
- Plasing van spesifieke voorbeelde binne ŉ **kulturele, sosiale en historiese konteks**.
- ŉ **Begrip van eienskappe/besondere kreatiewe styl.**
- Die identifisering van die **professionele praktyk** van plaaslike kunstenaars.

Dit word verwag van die MERKER om die volgende te demonstreer:

- Aanvaarding van bewese beredenering binne die konteks van die vraag.
- Inligting in gedagte te hou wat reeds bo-aan sommige vrae verskaf is.
- Volgens bostaande gidslyne aan die kandidate na te sien.

## VRAAG 1

## OORSIG VAN 19de EEUSE KUNS IN EUROPA

*Gedurende die 19 de eeu is die Neo-Klassieke kuns beskou as 'n kuns om die mense op te voed. Dit is aangewend as 'n reaksie teen die speelsheid van Rococo.*
*Ander Europese kunstenaars het individualisme verheerlik, soos die Romantisisme kunstenaars wat met nuwe onderwerpe, komposisies en tegnieke geëksperimenteer het, en die Pre-Raphaeliete wat die eerlike eenvoud van die Italiaanse Raphael nageboots het. Die Realiste het na waarheid en akkuraatheid gestreef.*

1.1 Hierdie is 'n lae-orde vraag. In 'n kort paragraaf oor FIGUUR 1a, moet die onderwerpmateriaal gebaseer op vroeë Romeinse geskiedenis, genoem word as die Horatti broers wat hul eed aflê van gewilligheid om te sterf vir hul land, met hul hande na die swaarde in die hand van hul vader, voor die stryd teen die Curatii broers. Tipiese Romeinse soldaat-uniform bevestig dit, sowel as die klassieke argitektuur in die agtergrond, wat subtiel die krag van die boodskap versterk deur die weergawe van die gespierde figure teenoor die skaduwees.

Die komposisie reflekteer die Neo-klassieke benadering van die opvoeding van die kyker, dat moed en patriotisme hoër geag moet word as gevaar of pyn, soos weergegee deur die gespierde figure van die vier mans, sterk kontrasterend teenoor die gekromde figure van die huilende vroue, waarvan een verloof was aan een van die vyande van haar broers, wetende dat sy in ieder geval 'n geliefde sou verloor.

Die grafiese struktuur van liniariteit, driehoeke, chiaroscuro en gladde verfaanwending versterk die boodskap in hierdie Neo-klassieke benadering. (6)

1.2 Hierdie is 'n medium orde vraag. Ten opsigte van FIGUUR 1b, moet die leerder aandui hoe die kunstenaar lig aangewend het op die klere van die hoofkarakter, waar die ligte tone ondersteundend is van sy onskuld, teenoor die donker tone van die omgewing en agtergrondskaduwees. Die kyker behoort met gemak die offer van Christus te herroep met sy uitgestrekte arms tydens kruisiging, wat die rede is vir hierdie benadering deur Goya. Die kunstenaar beklemtoon dit deur die weerkaatsende lig vanaf die lantern op die sentrale figuur, wat empatie aanwakker teenoor die Spaanse burger wat die gesiglose, gevoellose soldate in die gesig staar, wat soos een masjien opereer in die donkerte van die nag, met hul wapens genadeloos gerig. Die onderliggende boodskap word versterk deur die baie donker tone van bruin tot swart, wat bydra tot die gevoel van dreigende gevaar vanuit die skaduwees, met die baie ligte area aan die linker rand van die skildery, maar baie klein, tog baie duidelik in die platheid en min toonwaardes, verwysend na krag van erge boosheid teenoor die goeie. (4)

1.3 Hierdie is ’n medium orde vraag. In die beskrywing van die uitleg van die komposisie in FIGUUR 1c, moet die leerder begrip toon vir die boodskap van swoeg. Die skadu oor die heuwel in die agtergrond, beklemtoon dat die klipbrekers skaars bewus is van hul omgewing, behalwe vir wat hul verplig is om te doen en te ly. Die sterk jong man wat reeds moeg is, het nodig om die klip op sy knie te stut. Die ou man kniel terwyl hy kap, met sy rug wat waarskynlik pyn. Die toneel, asof van links na regs, op die voorrand, betrek die kyker dadelik soos in ’n drama op `n verhoog. Die herhaling van vorms in arms, bene, gereedskap en klippe, weerspiëel die moeisame ritme van hul uitputtende werk. (4)

1.4 Hierdie is ’n hoë orde vraag. In ’n kort opstel van minstens twee paragrawe, kan die analise van beide Suid-Afrikaanse kunswerke van FIGURE 1d en 1e, met verwysing na Europese invloed in TEGNIEK sowel as boodskap, die volgende insluit:

In FIGUUR 1d pas Feni grafiese lyne vryelik en ekspressionisties toe, wat distorsie in die vergrote hande en voete, asook in die te groot mond van die kleiner figuur toon, met die idee van ’n poging tot selfbeskerming, wat die emosie van vrees verhoog, siene dat gevaar skynbaar dreig. Die feit dat die groter figuur oënskynlik gesigloos is, kan die begeerte om weg te kruip, impliseer. Sterk houtskoolmerke dra by tot die tekstuur en hierdie tegniek in ekspressionisme ondersteun die sterk emosionele reaksie vir die kyker.

In FIGUUR 1e gebruik Bester collage in gemengde media en kon wel deur beide Dada en Ekspressionisme beinvloed gewees het, te siene aan die verwronge gesig van die polisieman, met ’n regte waterkraan as neus, ’n werklike ketting en slot elders in die komposisie, ’n vergruisde blikkie en ander gevonde objekte, aangewend op ’n baie ekspressionistiese wyse oor collage prente, wat baie emosie aanwakker met die duidelike boodskap van ondervraging en polisiëring.

Individuele werke moet benoem word wanneer hul ge-analiseer word.

Aanvaar enige ander logiese verduideliking met stawing. (6)

**[20]**

## VRAAG 2

## DIE GEBOORTE VAN MODERNISME

*Tot diep in die 1800`s het akademiese instellings voorskriftelik oor kunstenaars geheers en slegs werke aanvaar vir uitstallings volgens hulle tradisies en verwagtinge.*
*In Frankryk het Keiser Napoleon III ’n spesiale uitstalling laat plaasvind vir die werke wat nie deur die Akademie aanvaar is nie.*
*Toe die akademici en die tradisionele mense van die publiek die uitstalling bywoon, was hulle geskok en het met alles die spot gedryf.*
*Omdat hierdie uitstalling nie gereeld plaasgevind het nie, het hierdie alternatiewe kunstenaars ook begin uitstal by ’n goedgesinde fotograaf se ateljee.*
*Selfs vandag nog strek invloede van hierdie nuwe beweging ver.*

2.1 Hierdie is ’n lae orde vraag. Die naam van die uitstalling, “Salon des Refuses”, was deur die publiek met skok genoem, met verwysing na die onaanvaarbaarheid van die werke wat as vreemd beskou is, soos Louis Leroy die skildery deur Claude Monet, bekend as “*Impression Sunrise*”, gekritiseer met verwysing daarna as nie veel meer as ’n skets nie. (3)

2.2 Hierdie is ’n medium-orde vraag. Die spel van lig op kleur is duidelik in die ligkolle op die diep bruin vel met kontrasterende blou, delikaat in die wit vermeng. Hierdie spel van lig op kleur, die vae rande van die geboue in die agtergrond, asook die atmosfeer van hartseer in die seun se gesig, toon duidelik die invloed van Westerse Impressionisme. Die sagte medium van waterverf, asook die sensitiewe kontraste en subtiele gradering van toonwaardes en kleure, is uiters effektief in Impressionisme. (3)

2.3 Hierdie is ’n lae-orde vraag en ’n medium-orde vraag gekombineer. In ’n kort opstel van ongeveer EEN bladsy, moet die benaderings van twee kunstenaars bespreek word. In hierdie Neo-Impressionistiese landskap van FIGUUR 2b, benader Pissarro die komposisie intellektueel met definitiewe beplanning en besonderhede, met divisionisme vir optiese illusies, eerder as vlietende kleur ontwerpe van Impressionisme. Ook is pointellisme te sien in die klein spatseltjies wat sistematies aangewend is, wat dit ’n wetenskaplike benadering maak, waar kleure helderder en kragtiger voorkom.

In die benadering van August Rodin met sy beeldhouwerk van FIGUUR 2c, waar die figure ontwikkel nader aan modernisme, met voue van hul draperings nie glad en reguit nie, maar eerder atmosferies, asof roerend in die wind. Dit veroorsaak ook dat lig op die oppervlak van elke figuur opgebreek word in klein kolletjies, asof die figure in die lig beweeg. Met geen harde rand nie, vang selfs die gesigte oënskynlik die atmosfeer vas met klem op die oë en lyftaal, eerder as ander definitiewe gelaatstrekke, wat die kyker toelaat om die baie sterk emosies gewaar te word van die burgers wat op die punt is om tereggestel te word. Rodin het die voetstuk van die basis of beeld verwyder, wat die kyker tot oogkontak in staat stel. (8)

2.4 Hierdie is ŉ hoë orde vraag. Met al die onaangename dinge wat in die wêreld gebeur, wou Auguste Renoir aangename kuns weergee en die Suid-Afrikaner, William Kentridge het hierdie vrolike "*Boating Party*" van Renoir gebruik om ŉ onaangename situasie weer te gee met sy terugkeer vanaf Parys na Suid-Afrika, om die kyker te skok, waar kranksinnigheid bekoring verplaas in die werk van FIGURE 2d. Onder analise kan die greep van ŉ noodtoestand in Suid-Afrika bemerk word aan die brandende motorband wat afkom op ŉ bokskryt in die eerste panel van die triptiek, verteenwoordigend van die stryd gedurende Apartheid en die dreigende beheer van hulle wat die blanke regering sou omverwerp deur eenheid in getalle, terwyl in die eerste en tweede panele die ongeërgde eters gemaklik verkeer, onbewus dat hul eintlik in ŉ bokskryt is, terwyl hul hul absurd waardelose aktiwiteite beoefen. Onbewus dat die omringende area geplunder, verskeur en verbrand word, word gewone gedrag weergegee binne ŉ baie kwesbare opset. In die eerste paneel koester ŉ vrou ŉ jong bosvark, in die tweede paneel hou ŉ hand rou vleis vas en in die derde paneel staar sy opwaarts na ŉ verskroeide kop van ŉ vark. Hierdie kontras van oënskynlik gewone omstandighede teenoor vreesaanjaende stryd, woede en gevaar, word ondersteun deur die medium en keuse van kleure, sowel as die subtiele hantering daarvan. Ander toepaslike aspekte wat gestaaf word is ook aanvaarbaar. (6)

**[20]**

## VRAAG 3

## VROEG 20ste EEUSE KUNS

| |
|---|
| Voor die 20 ste eeu, was kunstenaars en hulle werke deel van die kulturele ondervinding van die gemmenskap.<br>Toe massa-media egter begin om die kulturele behoeftes van mense te vervul, het slegs die elite en die ingeligtes oor die konteks van die kunstenaar en die kwessies deur hom aangespreek, die vreemde konseptuele werke aanvaar.<br>Een van die kunstenaars het *gesê: "As ek groen verf, beteken dit nie gras nie, as ek blou verf, beteken dit nie lug nie."* |

3.1 Hierdie is 'n lae orde vraag. In 'n opstel van ongeveer EEN bladsy, word invloede herroep, soos moderne wapens, vervoer, spoed, tegnologie, elektrisiteit, mediese prestasies, massa media en verstedeliking. Hierdie en ander invloede het kunstenaars buite perke laat begin kyk na die wêreld. Die leerder moet noem dat hierdie kunstenaars naturalisme wou vermy, wat gelei het tot hul bevryding van kleur. Arbitrêre keuses van kleur is soms onverdund in suiwer tone direk uit die buis aangewend en dikwels is voorgrond en agtergrond ewe helder weergegee. Vorm was ondergeskik aan kleur, wat onberekend gekies en emosioneel aangewend is. Daar moet na sommige van die individuele kunstenaars se benaderings in hierdie eiesoortige 20ste eeuse styl verwys word, soos die cloisonné van kleure vasgevang binne donker buitekontoere in sommige areas van individuele kunswerke. (6)

3.2 Hierdie is 'n hoë orde vraag. In die werk van FIGUUR 3a het Matisse 'n vrou weergegee met 'n deftige hoed, soos talle ander kunstenaars gedoen het, maar sy benadering weerspiëel die grootste bydrae deur die sogenaamde Fauves tot Modernisme in die suiwer erg helder oranje-rooi in haar nek en op haar lyf, wat aandag vestig op haar swart oë by wyse van die omringende suiwer kleure. Kontrasterende kleure gee vorm weer, lig en diepte, waar laasgenoemde anders is as in naturalisme waar geleidelike tonalisering aangewend sou word om drie-dimensionaliteit te skep. Distorsie is duidelik aan die hoed waar realistiese perspektief geheel en al afwesig is. (3)

3.3 Hierdie is 'n medium orde vraag. EEN van die twee werke van FIGURE 3b en 3c moet gekies word en die intense Ekspressiewe boodskap verduidelik word in ongeveer 'n halwe bladsy, met verwysing na verskillende elemente in die werk, met duidelike klem op die DRIE hoofkenmerke van Ekspressionisme en waar dit duidelik is in die werk. Merk-makery in die werk van FIGUUR 3b is energiek en duidelik, weerspiëlend van die sterk smart van die treurende moeder, wat tevergeefs haar liggaam beskermend oor die dooie kind vou. Saam met die lyne op die gesig wat die pyniging weergee, is die sterk donker tone van die monochromatiese medium. Die verwronge vorm van die verenigde liggame is die ander tipiese eienskap van ekspressionisme.

Let daarop dat <u>OF</u> FIGUUR 3b <u>OF</u> 3c bespreek moet word. In die geval van FIGUUR 3c, is die sterk kwasmerke in die area van die kop en gesig, asook die distorsie van oë wyd uitmekaar geplaas en 'n te groot hand met verwronge vingers, tesame met die sterk aanwending van kras rook- en bleek wit, beklemtoning van die emosionele staat van skaamte en opgelegde swye. (4)

3.4 Hierdie is ŉ hoë orde vraag. Met analisering van die werk deur Delaugney in FIGUUR 3d, kan die leerder uitwys hoe die Eiffeltoring letterlik uittoring bokant die wolkekrabbers, met wolkagtige pofferige vorms om die boonste gedeelte van die toring. Laasgenoemde word gewys soos die blik van ŉ voël, terwyl die laer area vertoon word asof deur die oog van ŉ wurm. Hierdie verskillende hoeke word weergegee binne een komposisie meteens, terwyl ander eienskappe die gefragmenteerde areas is wat oorvleuel en in mekaar inbloei in sommige ruimtes. Die abstrakte gedeeltes saamgevoeg tot herkenbare argitektoniese beelde, plaas die werk in die Sintetiese fase. (3)

3.5 Hierdie is ŉ medium orde vraag. In ŉ kort bespreking van Futurisme, mag die gekose werk 2-dimensioneel of 3-dimensioneel wees. Die afwesigheid van vroulikheid, passiwiteit en konvensionaliteit, is sommige van die anti-beweging kenmerke wat uitgewys sou kon word in die gekose werk, waar aggressiewe, sterk, manlike en tegnologiese geïnspireerde temas en elemente geïndentifiseer kan word, soos in die moderne beeld "*Unieke Vorms van Kontinuiteit in Ruimte*" deur Boccioni, waar vlamagtige dele geheg aan sterk gewrigte, ŉ manlike figuurvorm wat die toekoms instap skep. ŉ Skildery mag ook gekies word, waarin die positiewe houding tot tegnologie weergegee word in ritmiese beweging, spoed of dinamies aksie. Die werk en kunstenaar moet benoem word vir een punt. Let op dat die invloed van Kubisme kortliks verduidelik moet word, in hoe divisionisme aangewend is en met fragmentasie in Futurisme, waar die dele nie gesentraliseer is nie, maar verspreid ter wille van ritmiese beweging. (4)

**[20]**

## VRAAG 4: ARGITEKTUUR

*Frank Lloyd Wright het geglo dat vorm en funksie gekombineer moes word, wat dus eerlike argitektuur moontlik maak. Elk van ’n aantal ander leidende argitekte van Modernisme en Post eras het ook individuele beginsels onderrig.*

4.1 Hierdie is ’n lae orde vraag. Die leerder moet in ’n kort opstel van minstens ’n halwe bladsy, die argitek se skulpturele benadering uitwys, asook die poëtiese aanwending van kunsbeginsels in sy ontwerp van die gebou, soos te sien in FIGUUR 4a:

Die ritme van herhaalde sirkelvorms in ’n definitiewe patroon asof van ’n skulp, met die kontras van die reghoekige gedeelte binne die sirkelvorm aan die linkerkant van die gebou, skep gelyktydig kontras en klem en toon die ritmiese patroon van ’n gedig of ’n musiekstuk. Die ruimtes tussen die horisontale sirkelvormige bande, is soos toepaslike intervalle tussen verse. Die vyf kurwes van die spiraal reflekteer die beginsel van kontinuiteit en oor die algemeen koppel die administrasieblok aan die museum deur ’n horisontale betonband, wat die genoemde beginsel herhaal. (6)

4.2 Hierdie is ’n medium orde vraag waar die drie hoofbeginsels van die Internasionale Styl, soos waargeneem in die werk van FIGUUR 4b, bespreek moet word in ’n opstel van ongeveer EEN bladsy, verduidelikend oor die belangrikheid van:

- Benadering
- Materiale
- Kenmerke as uitstaande van die 20ste eeu
- Visuele aantreklikheid
- Reaksie van die publiek

Sober styl van kubus-vorms met gebrek aan gegote vorms, het <u>standaardisering</u> moontlik gemaak, soos gesien kan word in die baie massa-vervaardigde eenderse vensterruite, die herhaling van eenderse modulêre eenhede en die massa-vervaardigde gewapende beton blokke wat die konstruksie van liggewig wolkekrabbers op slank pilare moontlik maak, asof gewigloos, met die ondersteuning van die gewapende beton vrydraende balk.
Die wegspring van die <u>skeletstruktuur</u>, wat die gewig van dakke en vloere dra, verskaf onbeperkte openinge in mure wat die byna ontelbare groot vensters bemoontlik en ’n gordynmuur vorm, wat tesame met die <u>onversierde</u> struktuur, ’n gladde masjienagtige afwerking weergee.

Teen die 1970s was die bekostigbaarheid van massabehuising en die helder refleksies van die omgewing op die gordynmure, nie meer genoegsaam om die 20ste eeuse publiek van tuinstede te beïndruk nie. Hulle het die kubustiese aard van die strukture en funksionele binneruimtes vervelig gevind en die ru, onbedekte materiaal en onpersoonlike aard van eenvormigheid, taamlik brutaal. (8)

4.3 Hierdie is ŉ hoë orde vraag wat in nie minder as ŉ halwe bladsy beantwoord moet word nie, waar analise van die "High Tech" eienskappe soos vervat in die werk van FIGUUR 4c, ge-evalueer word en die voor- en nadele van die styl uitgewys word.

Hierdie pragmatiese hoë tegnologie gebou het sterk gekontrasteer met die baie geskiedkundige strukture in die area van Parys, met ontblote anatomie aan die buitekant van die gebou, wat die "metabolisme" daarvan vertoon met kleurgekodeerde pype en buise wat dienste aandui van lugreëling, water, besoekersverkeer soos die massiewe Perspex hysbakke aan die buitekant, wat honderde besoekers na die boonste vlakke neem op ŉ speelse wyse, asof hulle ŉ reuse meccanostel geniet, eerder as ŉ tradisionele statiese pophuis, wanneer hul kom deelneem aan wat die talle uitstallingsfasiliteite te bied het.

Die onderliggende dienspunte en vrye vloerspasie vir uitstallings en werkswinkels van kuns, musiek, film, teater, moderne kuns, industriële ontwerp, publieke biblioteek en akoestiese navorsing, is verteenwoordigend van ŉ reuse vliegtuigskuur, ondersteun deur ŉ staalpyp- raamwerk.

Gebaseer op aerodinamika tegnologie, is die blootgestelde struktuur lig en sterk deur die aanwending van swaar geïsoleerde muurpanele, staal en aluminium-rame, spiëelglas in neoprene pak-plate, vlekvrye staal, chroom, plastiek en verskeie metale.

Die ingewikkeldheid van ontwerp en hoë tegnologie waarvoor verskeie ontwerp- en konstruksie-spesialiste saamgewerk het vanuit verskillende lande, veroorsaak hoë kostes. (6)

**[20]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 5

## TUSSEN DIE WÊRELDOORLOË

5.1 Hierdie is ŉ lae orde vraag, waar die leerder in twee paragrawe moet vertel van die benaderings, materiale en tegnieke aangewend in die werke van FIGURE 5a en 5b, waarvan hulle die verskynsel van Dada bestudeer het. Die absurde gemoedstoestand verhef ŉ industriëel-vervaardigde urinaal tot openbare vertoon, geplaas op ŉ voetstuk, geteken en gedateer en ingeskryf vir ŉ kunskompetisie, wat die anti-kuns benadering weergee van die sogenaamde "ready-made" stukke, so dikwels deur Duchamp gebruik in verkleinering van die idee van uniekheid van kunsstukke sowel as die stelsel van kunsmuseums, deur die verklaring dat enige iets kuns is, wat lei tot die niksheid van kuns. In hul weerstand teen die Eerste Wêreldoorlog en tradisionele waardes, was die proteswerke doelbewus uitdagend en skokkend, ook teen logika en rede. In die ondersoek van die onderbewussyn, is die briefhoof van die KomMERZ-bank gedeeltelik herwin in hierdie werk van Schwitters, saam met weggegooide verpakking, tremkaartjies en ander rommel, gecollage tot ŉ komposisie wat vrae aanwakker oor die effektiwiteit van sake, soos die onfunksionele vliegwiel. (6)

5.2 Hierdie is ŉ medium orde vraag, waar minstens VIER eienskappe van Surrealisme te sien in die werke van FIGURE 5c en 5d, geannoteer en die elemente bespreek word, reflekterend van begrip van die effek van individuele media aangewend in elke werk.

In FIGUUR 5c laat Miro die onlogiese heers, terwyl die onderbewuste ondersoek word waar die droomwêreld fantasië, eerder as die logiese en die rasionele, die kyker uitnooi om saam met die kunstenaar te ontsnap van die chaos van die tyd, na ŉ hoër realiteit van ŉ surrealistiese gemoedstoestand. Die kunstenaar beweer dat hy hallusinasies gehad het as gevolg van honger en gee sy sensasies weer van sy tuiskoms die aand, met ŉ venster en tafel in ŉ kamer, met vreemde groepe insekagtige kreature wat met musiek speel en dans, waarvan een ŉ menslike gesig met verspotte snor het. Die eerste fase van sy benadering is vry en onbewustelik, waarna hy die verf toelaat om asof spontaan te ontwikkel, en dan doelbewus manipuleer in die tweede stadium. Hy glo dat automatisme hom die vryheid gegee het om sy drome en fantasieë uit te beeld.

In FIGUUR 5d is ŉ installasie deur Dali van ŉ regte verlate motor, wat onder normale omstandighede geassosieer sou word met alleenheid en ruwe omstandighede van leweloosheid, gewysig deur die plasing van lewensgroot poppe, een ŉ spookagtige histeriese vrou op die agterste sitplek en die ander ŉ onverstoorde bestuurder. Erg groen rankplante kruip binne en buite energiek rond, sowel as werklike slakke binne in die water-deurdrenkte motor, wat die snaakse verbeeldingsvlugte van die onderbewussyn, wat dikwels eienaardige teenoorgesteldes tot realiteit weergee, soos in ŉ nagmerrie, waar waarheid en fiksie versmelt op vreemde wyses. (8)

Kopiereg voorbehou

5.3 Hierdie is ŉ hoë orde vraag, waar enige welbekende Suid-Afrikaanse kunstenaar van Surrealisme benoem moet word, asook ŉ werk wat bestudeer was. Spesifieke kenmerke van Surrealisme in die werk moet geanaliseer word en die moontlike betekenis en impak moet gestaaf word in die evaluering.

Moontlike keuses mag ŉ werk wees van Alexis Preller, Fred Page, of ander Suid-Afrikaanse kunstenaar wat definitief bestudeer is. (6)

**[20]**

**VRAAG 6**

**OORSIG VAN POST-1946 KUNS**

| |
|---|
| *"... die doek het vir een Amerikaanse skilder na die ander as ŉ arena voorgekom waarin opgetree kon word – eerder as ŉ ruimte om in te reproduseer…" – Harold Rosenberg* |

6.1 Hierdie is ŉ lae orde vraag. Die leerder moet in ŉ kort opstel van ongeveer ŉ halwe bladsy, die werk van Hans Hofmann in FIGUUR 6a ondersoek om die sintese van Kubisme en Fauvisme, soos te sien in hierdie Abstrakte Ekspressionisme werk, uit te wys, asook die werk deur die Suid-Afrikaanse kunstenaar, Kevin Atkinson in FIGUUR 6b, oor hoe dit skakel met Amerikaanse Abstrakte Ekspressionisme.

Met sy invloed van Kubisme, Fauvisme en Ekspressionisme, het die Amerikaanse Hofmann, die proses van skilder beklemtoon, deur die gebruik van fragmentasie van gedeeltes tot vorms, soos in Kubisme gedefiniëer deur ŉ geometriese benadering, oorvleueling en versmelting in sommige areas. Hierdie oorvleueling en versmelting is ook duidelik in die aanwending van kleur. Aan die linkerkant van die komposisie veral word duidelike vorms getoon met diepte van oorvleueling en agter die groot reghoek in blou, subtiele tone van warm kleure wat die illusive van diepte skep. Soos in Fauvisme, is die emosionele kleure bykans lukraak aangewend en in baie suiwer tint.

In FIGUUR 6b wend Atkinson ŉ verskeidenheid helder, byna primêre kleure aan, asook swart en ligbruin. Die kwashale in verskillende rigtings dui lae aan. Soos in ander werke van hom, verteenwoordig die fisiese ruheid van merkmaking energie, krag of selfs frustrasie. Die skokkende hale en kolle herrinner aan die aksie verwery van Jackson Pollock, wie se komposisies ook tot buite die rande van die doek verbystrek. (6)

6.2 Hierdie is ŉ medium orde vraag. Hierdie opstel van EEN bladsy, behoort ŉ beskrywing te wees van hoe onderwerpmateriaal die "Amerikaanse droom" definieer in die werke van FIGURE 6c en 6d om begrip van Pop-kuns te reflekteer.

Die gees van rebellie teen sosiale konservatisme en middelklas kultuur kan gesien word in die plakkaat van FIGUUR 6c waar die woord "Aquarian" politieke en humanitêre veranderinge en die ideale van menslike gelykheid kan voorstel. In die vermaaklikheids-industrie in die besonder, het daar rebellie gekom teen middelklas voorspoed komende van tegnologiese ontwikkeling en gevolglike massa-produksie terwyl die ekonomië van die Westerse wêreld begin herleef het na Tweede Wêreldoorlog. Die "Beat" generasie het gelei tot anti-kulturele waardes en die ondersteuning vir ŉ vrye lewensstyl met min erg aan verantwoordelikhede, is gepropageer by die "3 days of peace and music" aanhaling. Die wit duif is simbolies van vrede eerder as oorlog en die hand met kitaar-arm, die simbool vir pret eerder as werk. Die plakkaat verteenwoordig die begeerte van die rebelse jeug om NIE betrokke te wees by die Amerikaanse droom van werk en verdien van `n goeie tuiste in ŉ voorstad met moderne apparaat, ŉ nuwe motor elke paar jaar en `n stabiele en verantwoordelike gesinslewe nie.

In die werk van FIGUUR 6d, het Wesselman humoristies die binnekant van ŉ middelklas kombuis gecollage met gedrukte advertensies, ŉ koelkasdeur van emalje en sintetiese polymer verf op bord en plastiek 7-Up bottels, sowel as plastiekblomme. Dit beklemtoon beslis die oppervlakkigheid van die najaag van rykdom. Die kombuis opwasbak en elektriese stoof verteenwoordig sommige van die ander begeerlike stukke apparaat wat veronderstel is om die lewe te vergemaklik, maar met al die oordaad, vermeerder verantwoordelikheid, soos die nodigheid vir ŉ koelkas om die te veel kos te red van bederwing. Hierdie werk mag ook meer positief vertolk word, mits dit gestaaf word. (8)

6.3 Hierdie is ŉ hoë orde vraag. Die kenmerke van Super Realisme in die werk van FIGUUR 6e, moet ge-evalueer word met verwysing na die hantering van kunsbeginsels en die aanwending van media.

Veselglas-versterkte polyester resin was deur Hanson gebruik om lewensgroot replikas van mense te maak, wat hy dan foto-realisties geverf het met olieverf. Daarna het hy hulle aangetrek met regte klere en bybehore en hul geplaas in publieke areas as super-realistiese installasies. Die impak hiervan is treffend in die uitstekende balans in die wyse waarop die mollige vrou diep sit op die stoel, met haar voorarms rustend op die klein tafeltjie. Die klein items op die tafel kontrasteer nie net met haar grootte nie, maar dra by tot verskeidenheid van vorms en groottes. Die horisontale tafelblad verskaf ritme in die herhaling van die stoelblad, die vloer en die klein swart houer op die tafel. Die inkopiesak en handsak balanseer mekaar en die inkopiesak bring ook balans aan die voorkant waar, daarsonder, dit te leeg sou wees en die klein objekte op die tafel sou te sterk met die swaar vrou gekontrasteer het. Die gladde tafelblad, krullerige hare en gepatroneerde rokmateriaal, asook die sokkies en skoene verskaf verskeidenheid van tekstuur. Ander aspekte wat kunsbeginsels bevestig, mag aanvaar word. (6)

**[20]**

## VRAAG 7

## NUWE MEDIA

| |
|---|
| *"'n Kunstenaar is nie 'n geisoleerde stelsel nie. Om te oorleef, moet hy gedurig interaksie hê met die omringende wêreld ... Teoreties is daar geen beperkinge vir sy betrokkenheid nie."* – Hans Haacke |

7.1 Hierdie is 'n lae orde vraag. Die student moet herroep hoe Kosuth gepoog het om die aandag van die kyker op die gedagte-prosesse te vestig in die werk van FIGUUR 7a en ook sê hoe hy die kyker onderrig om aan te hou met interaksie met die idée van die kunswerk in plaas daarvan om op die formele komponente van die werk te fokus.

In hierdie werk gaan dit nie oor die estetiese waarde soos met tradisionele kunswerke nie, maar die eenvoud van die installasie wat 'n in-diepte ondersoek oor die stelsel van simbole wat deur alle mense op aarde gebruik word, behoort aan te wakker

Die kunswerk bestaan uit 'n werklike stoel tussen 'n foto van dieselfde stoel en 'n vergrote woordeboekverklaring oor wat 'n stoel is. Daar is ook 'n diagram met instruksies aan die kyker. Hierdie diagram en die kopie van die woordeboekverklaring, is beide geteken deur Kosuth en hierdie twee stukke is die enigste elemente van hierdie werk wat dieselfde sal bly wanneer die instruksies van die kunstenaar uitgevoer word.

Die opdrag aan die kyker is om homself betrokke te kry deur presies dieselfde te doen as wat die kunstenaar gedoen het, maar met die verstandhouding dat die stoel vervang kan word met 'n ander een en dat die foto dus ooreenstemmend sal verander. Die stoel, die terrein en daarom ook die foto, sal gedurig verander word, maar die werk van kuns sal essensiëel dieselfde bly. (6)

7.2 Hierdie is 'n medium-orde vraag. Die betrokkenheid van die kunstenaar moet herroep en beskryf word en in 'n tweede paragraaf, moet 'n ander kunswerk wat bestudeer is, as voorbeeld benoem en beskryf word, waar die fisiese teenwoordigheid van die kunstenaar onontbeerlik was. Sê wat sy betrokkenheid en die belangrikheid of impak daarvan was, met aanraking van die volgende:

- Eiesoortige media
- Onderwerpmateriaal
- Tegniek
- Boodskap

Andy Warhol het konseptuele kommentaar gelewer op die onderwerpmateriaal van slaap, deur homself te laat verfilm terwyl hy vir meer as vyf ure geslaap het, soos te sien in FIGUUR 7b, wat op verrassende wyse interaksie met die kyker verkry, wat die teenwoordigheid van die kunstenaar se beeld en asemhaling, uitnodigend tot reaksie kon ervaar in verband met die konsep van slaap, op 'n uiters intieme wyse.

Vir die tweede paragraaf sal die leerder 'n punt verdien vir die naam van die kunstenaar en die titel van die werk wat bespreek word volgens die punte hierbo genoem. (8)

7.3 Hierdie is ŉ hoë-orde vraag. In die analisering van aspekte van installasie kuns wat geïdentifiseer moet word uit minstens EEN van die werke van FIGURE 7c en 7d, met in gedagte die aanhaling van Hans Haacke aan die begin van die vraag, moet verwys word na die volgende:

- Komposisie en ruimte
- Ander kunselemente
- Interaksie/impak

In die werk van FIGUUR 7c, het Emin haar bed gerangsik vir openbare besigtiging, met die aanwending van drie-dimensionele ruimte waarbinne sy haar onvolmaaktheid blootstel en dit asook onsekerheid erken in ŉ baie persoonlike omgewing. Met die objekte om haar bed gestrooi, vertel sy haar storie van ŉ senuwee-ineenstorting, waarmee die kyker tydelik gekonfronteer word. Die kyker word aspekte van ondervinding aangebied soos tekstuur, ruimte, met die tema-verwante konsep, in hierdie geval ŉ baie persoonlike kwessie. Die lyne van die kussings en die rande van die bed, kontrasteer met die gekreukelde laken en wanorde op die mat. Daar spreek die pop met die gesig na onder op die rand van die mat, waarskynlik van die verlies van kinderlike onskuld en vertroue, gesien in die lig van die koerant deels bedek onder die neergesmyte laken, wat verwys na dreigende kwessies. Die wanorde op en om die bedtafeltjie skep ŉ emosionele en ekspressiewe patroon.

In die werk van FIGUUR 7d, het Kusama ŉ sensoriese omgewing geskep met elf ballonne, viniel kolle en veranderlike installasie dimensies. Die titel verklap ŉ obsessie wat elemente van herhaling en opeenhoping weergee, met baie energieke beweging wat aan die kyker ŉ plesierige sensoriese ondervinding bied. Hoewel die ballonne binne ŉ struktuur behou word, skep die wit van die voering ŉ illusie van aanhoudende ruimte wat verby die kolle strek wat daarop afgedruk is. Die verskillende groottes kolle skep verskeidenheid en die herhaling daarvan sprankelende kleure wat ook bydra tot verskeidenheid en kontras. Die verskillende vorms van die ballonne skep subtiele kontras. (6)

**[20]**

## VRAAG 8

## DIE KUNSWÊRELD

*Met moderne tegnologie, is grense onbeperk en vermaak en visuele kunste word versmelt op verstommende wyses. Dikwels word die sogenaamde kyker van visuele kunste nou 'n inter-aktiewe rolspeler met die kunstenaar, nie meer slegs 'n waarnemer, koper of kritikus nie.*

8.1 Hierdie is 'n lae orde vraag. Met verwysing na die werk in FIGUUR 8a, moet die kyker se moontlike betrokkenheid in die komposisie van Andries Botha en die interaktiewe ondervinding as gevolg van die toepassing van kunsbeginsels deur die kunstenaar, vertel word. Botha het 'n klein trop lewensgroot olifante uit dryfhout geskep, as die mees gepaste materiaal in 'n omgewing waar hout wat heen en weer deur die see gespoel kon word, van dieselfde tekstuur sou wees. Plasing in die spesifieke omgewing, met baie ruimte tussen die positiewe objekte, roep na strandwandelaars om vryelik onbedreig tussen hierdie reuse diere rond te beweeg in die atmosfeer van familie-aktiwiteit van die teerhartige reuse. Die rigting van plasing water toe, is uitnodigend en die herhaling van grotes en kleintjies skep gebalanseerde ritme. Met moderne tegnologie, is die organiese materiaal gekonstrueer met anorganiese draad en boute en moere, wat die kunstenaar in staat stel om sy komposisie te installeer op hierdie kragtige wyse. (6)

8.2 Hierdie is 'n medium orde vraag. Met die doel van die beeldhouer van die werk in FIGUUR 8b in gedagte, moet die leerder die sukses of mislukking van die beeldhouer in sy doel beskryf en verduidelik met redes vir sy opinie.

Die groot skaal van die beer en die onrealisties kleur, veroorsaak 'n reuse weerkaatsing op die glasgordyn, wat ongetwyfeld met plesier deur sowel kinders as volwassenes waargeneem sal word. Elke waarnemer kan identifiseer met die nuuskierige aard van die loerende beer en mense word uitgenooi om ook uit te vind wat moontlik binne die gebou aan die gang is. Die titel is duidelik humoristies en in daardie opsig sal elke verbyganger plesier ervaar in die genot van die beeld in 'n nuwe media, wat herrinner aan klei-modelle deur kinders gevorm van hul gunsteling verhalende karakters. (4)

8.3 Hierdie is 'n medium orde vraag. In 'n kort paragraaf word evaluering van die werke in beide FIGURE 8c en 8d verwag ten opsigte van doel, media en interaksie.

In FIGUUR 8c skep die kunstenaar speelse patrone met sy kleurvolle borrels van verskillende vorms en groottes, met die doel om die kykers plesier te verskaf met die aanhoudende beweging en verandering, die weerkaatsings van gesigte en omgewing, wat impressionisties is in die tydelike bestaan van elke geblaasde borrel.
In FIGUUR 8d is die doel van die kunstenaar om die voortdurend veranderende posisie van individuele kleure, wat natuurlik nooit verdwyn totdat die kunstenaar sy installasie verwyder nie, as 'n kalender weer te gee. In hierdie media word die beginsel van prismatiese ligbreking toegepas, wat die kyker in staat stel om interaktief deur die lig te wandel, as't ware geweek in kleur, terwyl tyd stadig voortbeweeg. (4)

8.4 Hierdie is ŉ hoë orde vraag. Die leerder moet in ŉ kort oorsig en die voor- en nadele van moderne tegnologie evalueer, deur te fokus op minstens TWEE kunswerke wat bestudeer is.

WAAROM hy/sy glo dat elke werk ŉ aanwins is vir die kunswêreld al dan nie, moet gestaaf word deur te raak aan die volgende:

- Doel
- Impak
- Tydloosheid
- Waarde (6)

**[20]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou 